**SENWES BEPERK**
**(INGELYF IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)**
**Registrasienommer 1997/005336/06**
**(“Senwes” of “die Maatskappy”)**

**AANDELETERUGKOOPPROGRAM APRIL 2024**

Senwes gee hiermee kennis aan sy aandeelhouers dat die Maatskappy terugkope van gewone aandele in Senwes (“Senwes-aandele”) op die OTC-aandeelverhandelingstoonbank (“die OTC”) sal doen vanaf 25 April 2024 totdat die aanbod ten volle opgeneem is en die bedrag gespandeer is, of 0,36% (nul komma drie ses persent) van die uitgereikte aandele teruggekoop is, welke ook al eerste plaasvind (“**die Terugkoopprogram**”). Die Terugkoopprogram word geïmplementeer ten einde alle aandeelhouers te voorsien van ŉ waardeontsluitingsgeleentheid, volgens hul vrywillige keuse.

Alle terugkope in terme van die Terugkoopprogram is in ooreenstemming met die algemene magtiging wat per spesiale besluit deur aandeelhouers verleen is by die Maatskappy se algemene jaarvergadering gehou op 22 Augustus 2023 en ingevolge die bepalings van artikels 44 en 48(2)(b) van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig (“die Wet”). Die aandele wat op hierdie wyse teruggekoop word, sal as tesourieaandele gehou word, soos voorsien in artikel 48(2)(b) van die Wet.

In terme van die Terugkoopprogram sal die koopprys per Senwes-aandeel wissel tussen R19,20 en R20,00. Die maksimum totale bedrag wat betaal sal word in terme van die Terugkoopprogram, sal R12,5 miljoen beloop, ongeag van die aantal Senwes-aandele wat teruggekoop mag word. Die maksimum totale aantal Senwes-aandele wat teruggekoop word, ongeag die totale terugkoopprys wat betaal word, sal gelykstaande wees aan 0,36% (nul komma drie ses persent) van die totale uitgereikte kapitaal.

Aangesien die koopprys van aandele in die Terugkoopprogram gebaseer is op die onlangse werklike markprys van die Senwes-aandele, is die direksie van mening dat die terugkoopaanbod billik en redelik is.

Die rekorddatum vir deelname deur aandeelhouers aan die Terugkoopprogram sal 25 April 2024 wees.

**IN OPDRAG VAN DIE DIREKSIE**

**EM JOYNT**
**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS**
**22 April 2024**
**Kontaknommer: 018 464 7104**

***Directors* / Direkteure**
JDM Minnaar (*Chairman*/Voorsitter), SF Booysen (*Vice-Chairman*/Ondervoorsitter), F Strydom (*Group Chief Executive*/Groep Hoof Uitvoerende Beampte)*, CR Klingenberg (*Group Chief Financial* Officer/Groep Hoof Finansiële Beampte)*, VJ Klein, NDP Liebenberg, GL Malherbe, JJ Minnaar, JPN Stander, WH van Zyl, JJ Viljoen, AG Waller
Group Company Secretary & Chief Legal Counsel / Groep Maatskappysekretaris & Hoof Regsadviseur: EM Joynt
* (Uitvoerend/*Executive*)